EVANGELISERING VAN Christene

—deur Peter Hammond

By sommige kerke hang daar 'n bord bokant die deur: 'Jy betree nou 'n sendingveld'! Dit is 'n baie goeie aanmaning dat die kerkdiens hoofsaaklik ter opbou van die gelowiges is sodat hulle die wêreld met werke kan opbou en die Evangelie gaan verkondig. Indien ons egter sou aanvaar dat die sendingveld net buite die Kerk geleë is, maak ons 'n enorme fout.

Onbybelse Christene

Knoop 'n gesprek met sommige van die kerklidmate in jou gemeente aan en jy mag moontlik verras, of selfs geskok, wees. Ek het tot dusver hierdie jaar met 'n hele aantal kerkgangers, wat hulleself as Christene beskou, gepraat en moes hoor dat hulle in vreemde en onbybelse konsepte soos reïnkarnasie en universalisme glo.

Mense wat hulleself as 'n 'goeie persoon' en 'n 'toegewyde Christen' beskryf, het my baie ernstig vertel dat "almal eendag Hemel toe sal gaan omdat God 'n liefdevolle God is"; dat "alle godsdienste na God lei" en dat "alle mense inherent goed" is. Een man het selfs sover gegaan om te verklaar dat hy die afgelope 30 jaar nog nooit sonde gedoen het nie. 'n Vrou het vertel hoe die Here haar gelei het om haar baba te laat aborteer!

Indien ons aanneem dat die sendingveld nét buite die Kerk is – maak ons 'n groot fout!

Deur die wêreld ondergrawe

Dit sal 'n reuse voorveronderstelling wees om te aanvaar dat almal wat op 'n Sondag in die erediens sit, 'n verhouding met die Here het en in Sy voetspore volg. Diegene wat in persoonlike evangelisering en berading betrokke is, koester nie sulke illusies nie. Die wêreld is grootliks besig om die Kerk te evangeliseer of te ondergrawe en dit behoort ons nie te verras nie. Indien jy in ag neem dat die gemiddelde Christen baie meer tyd spandeer om sy koerante eerder as die Bybel, sekulêre tydskrifte eerder as Christen-tydskrifte en sekulêre boeke eerder as Christen-boeke te lees, is dit geen wonder nie dat *"…hulle verdwaasde harte [het] heeltemal toegeslaan…"* Rom 1:21.

Soos Hollywood

Die gemiddelde kind in huishoudings met toegang tot televisie het 30 000 uur se televisieprogramme gesien nog voordat hy die skool verlaat het. Gedurende sy tienerjare luister die gemiddelde student na meer as 10 000 uur se musiek waarvan baie gevul is met sensuele, immorele en okkulte lirieke.

Vul die leemte

Die invloed wat ouers en kerke vandag in die opvoeding van die meeste kinders het, is teen 'n skrikwekkende koers aan die afneem. Die disintegrasie van so baie gesinne, afwesige ouers en 'n totale afwesigheid van dissipline het 'n groot vakuum tot gevolg.

Gewelddadige en immorele rolprente en video's, aggressiewe geraas wat as musiek voorgehou word en pornografiese tydskrifte en webwerwe vul deesdae die leemte wat daar in so baie jongmense se lewens bestaan …*"omdat hulle geweier het om aan God die erkenning te gee wat Hy verdien, het Hy hulle oorgegee aan hulle skewe ingesteldheid."* Rom 1:28.

Alles het gevolge

Wat ons sien, beïnvloed wat ons dink, en wat ons dink, beïnvloed wat ons word en wat ons doen. Gedagtes het gevolge. Aksies vloei uit gedagtepatrone voort. Watter soort opvoeding het dus jou gedagtepatrone geslyp? Watter vermaak en nuusmedia vul jou denke op 'n daaglikse basis? Lees gerus Ef 5:15-16 in dié verband.

Bybelse ongeletterdheid

Ons het tydens kampe, kursusse en opnames in winkelsentrums gevind dat die oorgrote meerderheid van die hedendaagse kerkganger geen idee het wat 'n Bybelse wêreldbeskouing is nie. Indien jy sou vra: Wat is die Bybelse standpunt oor ekonomie, sal die meeste antwoord dat hulle nie weet nie en ander sal antwoord dat jy jou tiende moet gee. Baie min mense het 'n begrip van die Bybelse beginsels vir ekonomie.

Wanneer gevra word: Wat is die Bybelse beskouing oor misdaad en straf, is die mening van die meeste mense dat die regering moet vergewe. Baie min kerkgangers verstaan die onderskeid tussen die bediening van genade wat aan die Kerk toevertrou is en die bediening van geregtigheid wat aan die Staat toevertrou is.

Aksies vloei uit denkpatrone. Die vraag is dus: Watter soort opvoeding het jou gedagtepatrone gevorm? Wat vul jou denke?

Indien daar gevra word of evolusie met die Bybel versoenbaar is, is die antwoord gewoonlik bevestigend.

Indien ons kerkgangers sou vra wie die invloedrykste mense is wat ooit geleef het, noem baie dieselfde politieke en Hollywood-afgode wat deur die sekulêre media bevorder word. Dit is net so buitengewoon om Christene te vind wat hoegenaamd Christelike publikasies lees. Die meeste kerkgangers is meer in skinderstories en wêreldsake geïnteresseerd. Dit is baie duidelik dat die meeste kerkgangers vandag van mening is dat die Wet van God nie meer van toepassing is nie.

Verwoestende gevolge

Blatante leuens, kontrakbreuk, breek van beloftes, diefstal, selfs van kerke en bedienings, is deesdae geensins meer die uitsondering nie, maar aan die toeneem. Christen-boekwinkels moet deesdae sake soos winkeldiefstal hanteer; kerke is nie meer oop sodat mense te eniger tyd in stilte die teenwoordigheid van die Here kan opsoek nie. Die meeste kerke het deesdae tralies en diefwering met alarms en slotte. Daar was vroeër 'n tyd toe 'n »

EVANGELISERING VAN Christene

verbale ooreenkoms of handdruk genoegsaam was om iets te beklink. Deesdae is selfs geskrewe kontrakte nie meer genoeg nie en word dít ook deur mense wat voorgee dat hulle Christene is, verbreek. Jesus het in Matt 7:21 gewaarsku: *"Nie almal wat ewe vroom vir My 'Here, Here' sê, sal in die koninkryk ingaan nie. Wat die deurslag sal gee, is of hulle aan My Hemelse Vader gehoorsaam was."*

Dit is nie soseer wat ons sê nie, maar eerder wat ons doen, wat tel. Aksies spreek baie duideliker as woorde. Ef 5:2-6 is baie duidelik in hierdie verband: *"Ja, leef 'n lewe van liefde. Christus het julle ook mos so liefgehad deur Sy lewe vir julle op te offer…Soos dit pas by mense wat aan God behoort, moet daar onder julle geen sprake wees van seksuele sondes, immorele optredes of gierigheid nie. Ook skurwe stories of platvloerse grappe pas nie by julle nie…die feit is omdat mense deur bogenoemde dinge aan God ongehoorsaam is, word hulle deur Sy straf getref."*

Die vyand het die boodskap van die Evangelie tot 'n goedkoop, oorvereenvoudigde formule of 'n dooie oorgekompliseerde teologie verlaag.

Oppervlakkige geestelikheid

Die wortel van die probleem is die oppervlakkige ervaring en boodskap wat deesdae deur so baie Christene verkondig word. Kortpad-metodes en oorvereenvoudigde formules werk net doodeenvoudig nie. Dit is asof die duiwel self 'n heel ander evangelie (Gal 1:6-9) wat die Christen-boodskap besoedel en die inhoud daarvan vervals en die kwessies verwar, verkondig. Die vyand het daarin geslaag om die grootste boodskap ooit in 'n goedkoop, oorvereenvoudigde of dooie, oorgekompliseerde teologie te verander. En veels te veel Christene wat oënskynlik onbewus is van hierdie metodiek van die duiwel, het hierdie korrupsie aanvaar.

Oppervlakkige leerstellings

Die klem op gevoelens en seëninge met die uitsluiting van toewyding, gehoorsaamheid en dissipelskap, is 'n trefseker weg na mislukking en teleurstelling (Matt 7:15-23). Die hele gesegde 'vir eens en vir altyd' is nie genoegsaam vir toewyding aan God vir ewige redding en in- »

EVANGELISERING VAN Christene

nerlike vervulling nie en sal lei tot totale ontnugtering (Luk 14:27). Al hierdie konsepte is ons groot God en die oordra van die Bybelse boodskap onwaardig en is ook ontoereikend – selfs vir die bevordering van 'n geestelike lewe en dissipelskap.

Vals Christenskap

Die duiwel het 'n namaaksel vir absoluut alles wat die Here ons bied. Hy het onegte vrugte om ons te bied – dis nie die ware Jakob nie; al kom dit so voor. Wanneer jy dit smaak, sal jy agterkom dat dit nie eg is nie. Dit is vals!

Hoekom is dit dan so dat so baie mense vir die vals produk swig? Dit bring tog nie die vrede wat alle verstand te bowe gaan nie. Hoe kan ons ooit dink dat God se weë onvervullend is? Indien dit teleurstellend is, is dit beslis nie van God af nie. Moenie met minder tevrede wees nie!

God se manier is nie maklik nie, maar vervullend. Sy manier is ook nie goedkoop nie, maar die heel beste. Dit is nie probleemvry nie, maar die weg van vrede vir die hart en verstand. Dit is nie seëninge nie, maar altyd 'n vreugde. Dit hou ons nie weg van toetse nie, maar dit verseker ons van God se voortdurende liefde.

Indien jy tevrede is met 'n oppervlakkige, louwarm, stagnante en gemiddelde bestaan, kan God jou beslis nie 'n diep, aan-die-brand, oorvloedige, vervullende en oorwinnende geestelike lewe gee nie.

Deur met minder tevrede te wees, beroof ons ons van die heel beste. Goed is die vyand van die beste. Oorgerustheid en selfvoldaanheid is die dodelike vyand van groei en vooruitgang.

Die probleem is dat so baie Christene hulle in 'n geestelike woestyn bevind – gefrustreerd en verward deur die leegheid van hulle lewe en geloof. Vir so baie is Jesus nie werklik Here nie, maar net nog 'n heerser. Het jy Hom die onpersoonlike hoof, bloot in naam, van jou godsdienstige oortuigings gemaak? Jy wil Sy hulp hê, maar nie Sy ingrype nie. Jesus kan jou red, jou gebede beantwoord, maar hy moet jou net nie sê watter beroep om te volg, watter taal om te gebruik, vriende jy mag hê, lewe jy kan lei en films jy mag kyk nie.

Die duiwel het 'n namaaksel vir alles wat die Here aanbied. Hy bied nagemaakte vrugte wat nie die ware Jakob is nie, aan.

Jy glo nie werklik dat God die beste gee aan diegene wat Hom die keuse laat nie.

Totale verandering

Het jy 'n oppervlakkige oorgawe gemaak? Het jy die namaaksel aanvaar? Loop jy ware Christenskap mis: Christenskap met dissipline en dissipelskap?

Moenie dat die etiket jou vang nie. Jy kan nie die maksimum seëninge deur die minimum toewyding ontvang nie. Daar is nie 'n kortpad nie, geen vierpunt-program nie, geen geblikte redding nie. Daar is nie 'n alternatief vir volle oorgawe aan Christus (Kol 2:6-7), en heelhartige soeke (Jer 29:13) en die navolging van Sy weë (1 Pet 2:21) nie. Jy moet die wêreld versaak (1 Joh 2:15-17) asook selfsugtige redes en motiewe. Bely jou sondige verlede (Jes 55:7) en plaas dan al jou energie, tyd, krag, talente, geld en vermoëns in God se beheer. Word verander deur die vernuwing van julle gemoed en leef dan voluit vir Hom (Rom 12:1-2).

Volle oorgawe aan Christus vereis Jesus as Heer van alles

Jy moet jou sondes en jou kragte, jou luste en jou liefdes, jou ambisies en jou mislukkings, jou talente en jou vermorsde geleenthede, jou vermoëns en jou seer aan Hom gee. God skenk vergifnis, ewige lewe, oorvloedige lewe, liefde, vreugde, vrede, leiding, vervulling, kameraadskap, rigting, betekenis en doel in jou lewe.

Jy gee alles prys wat jy het en wen alles wat God gee. Sendingvlieënier, Jim Elliot, het genoem: "Hy wat alles prysgee wat hy in elk geval nie kan hou nie om te wen wat hy nie kan verloor nie, is beslis nie dwaas nie!" ▪

DR. PETER HAMMOND *sendeling, outeur en konferensiespreker. E-pos mission@frontline.org.za, besoek www.frontline.org.za of skakel hom by 021 689 4480.*